

NOTA AAN LEERDERS:

- Onthou om al jou werk netjies in jou skrif te plak/doen.
- Onthou, dit is nie nodig om die werk uit te druk nie, jy kan dit net volgens die regte nommers in jou boek skryf.
- Maak asseblief seker dat elke dag se datum en opskrifte geskryf word, voordat jy met die antwoorde begin.
- Lekker werk! Dink aan julle!



WEEK 5: VOORDELE EN UITDAGINGS OM IN 'N GROEP TE WERK



DAG 1: Lees bl. 78, 79 (Lees net deur die aktiwiteite, dink daaroor, moenie skriftelik doen nie)

Lees deur die gegewe breinkaarte. AS jy dit kan uitdruk, knip uit en plak in jou boek, anders teken dit oor in jou boek.





WEEK 5: VOORDELE EN UITDAGINGS OM IN 'N GROEP TE WERK - vervolg



DAG 2:

1. Lees deur die onderstaande voorbeelde en sê of dit 'n positiewe of negatiewe voorbeeld van groepwerk is.

	Positief/Negatief
1. James skree op Sarie omdat sy hom in die rede geval het.	
2. Die onderwyser het die groep met toffies beloon omdat hulle baie mooi saam in 'n groep gewerk het.	
3. Ronnie spandeer ekstra tyd in die mediasentrum om navorsing vir hulle groeptaak te doen.	
4. Anli het nie na die instruksies geluister nie en nou weet sy nie wat om te doen nie.	
5. Mandi het die ander groeplede geterg en daardeur baie tyd gemors.	

2. Hou jy daarvan om in 'n groep te werk? Hoekom/Hoekom nie?

3. Dink aan die vorige kere (enige vak) waar jy in 'n groep gewerk het. Het elke lid van die groep gedoen wat hy/sy moes gedoen het? Verduidelik.

Beantwoord die volgende vrae oor jou familie en jou verhouding met hulle.

4. Kom julle goed oor die weg?

5. Is daar sommige van die familieledede wat gedurig stry met die ander lede?

MEMORANDUM



1.

	Positief/Negatief
1. James skree op Sarie omdat sy hom in die rede geval het.	Negatief
2. Die onderwyser het die groep met toffies beloon omdat hulle baie mooi saam in 'n groep gewerk het.	Positief
3. Ronnie spandeer ekstra tyd in die mediasentrum om navorsing vir hulle groeptaak te doen.	Positief
4. Anli het nie na die instruksies geluister nie en nou weet sy nie wat om te doen nie.	Negatief
5. Mandi het die ander groeplede geterg en daardeur baie tyd gemors.	Negatief

2. Eie antwoord met volledige verduideliking.

3. Eie antwoord met volledige verduideliking.

4. en 5. Eie antwoorde



THINK
POSITIVE,
& POSITIVE
THINGS
WILL
HAPPEN

